# TROFEëKOMPETISIE REëLS

1. Slegs opbetaalde lede mag inskryf. (Bewys van lidmaatskap benodig).

2. Slegs trofeë deur jouself gejag mag op jou naam ingeskryf word. Indien trofeë namens ‘n opbetaalde lid ingeskryf word, word dit beperk tot ‘n maksimum van twee lede wat per lid ingeskryf mag word. Alle geldige dokumantasie (Sien punt 3. hieronder) moet die inskrywings vergesel plus:

2.1 Bewys van lidmaatskap van die lid namens wie ingeskryf word en
2.2 Skrywe tot effek dat sodanige lid toestem dat sy trofeë namens hom ingeskryf mag word.

3. Dokumentasie benodig deur Nie-Grondeienaars

3.1 “Oop plase”

| Gewone wild | Nie-wild | Beskermde wild |
|---|---|---|
| Grondeienaar toestemming<br>Lisensie in jagter se naam | Grondeienaar toestemming | Grondeienaartoestemming<br>+ permit vanaf Natuurbewaring vir spesifieke plaas |

3.2 Vrystellingsplaas

Toestemmingsbrief van grondeienaar waarop Vrystellingspermitnommer verskyn. Afskrif van vrystellingspermit wat spesies aantoon waarvoor vrystelling uitgereik is. (LW: Vrystelling word slegs vir sekere wildsoorte uitgereik en nie noodwendig vir alle wild wat op die plaas voorkom nie).

4. Dokumentasie benodig deur Grondeienaars

Geskrewe verklaring deur die Grondeienaar tot die effek dat gemelde wild op sy eiendom gejag is. (L.W. Eienaars mag nie noodwendig alle wild op sy plaas skiet nie en is ook onderhewig aan sekere bepalings van die Ordonnansie – “Oop” plase en Vrystellingsplase.)

Sorg asseblief dat julle papierwerk in orde is. Ons moet konsekwent wees en dan word lede vir ons kwaad as hulle papierwerk nie reg is nie.

5. Trofeë moet in onverwerkte vorm wees. Trofeë moet skoon en reukvry wees.

6. Trofeë mag nie verwyder word voor die afloop van die kompetisie nie.

7. Slegs horings en/of tande wat tiperend van die spesifieke spesie is, sal aanvaar word.

8. Inskrywingsgeld beloop 20.00 per lid , ongeag die hoeveelheid trofeë wat ingeskryf word.

9. Onthou asseblief ons foto kompetisie – bring jou jagfoto’s, natuurfoto’s ens.

Alle inskrywings is vanaf 14h00 tot 20h00 op die Vrydag voor die Saterdag se AJV.

Skakel Hein by 083-271 3280 vir enige navrae.